Bisdom Oudtshoorn Patorale brief Sending Sondag 2018

Van pous Franciskus kry ons die volgende tema “Kom ons neem die Evangelie, saam met ons jongmense, na alle mense toe” om Sending Sondag 2018 te vier. As die Bisdom Oudtshoorn is ons geseënd om Religieuse Kongregasies en Genootskappe van die Apostoliese en Godgewyde Lewe in ons midde te hê, met manne en vroue wat op ‘n jong ouderdom deur die Evangelie besiel is. Tereg kan ons vra: “Wat kan ons by hierdie godvresende mense leer soos ons die tema oorpeins: “Kom ons neem die Evangelie, saam met ons jongmense, na alle mense toe”.

Salige Sr. Rani Maria, lid van die Susters van die Franciskaanse Clarisse Kongregasie, net soos ons Susters in Dysselsdorp, is deur haar vrome moeder Eliswa, geleer om haar op die naam van Jesus te beroep, iets wat sy dan ook in haar laaste oomblikke van lyding gedoen het. Op die ouderdom van 41 is sy in Indore, Indië, vermoor, toe sy die armes te hulp gekom het wat deur hul wrede skuldeisers uitgebuit is.

St. Norbertus het op die ouderdom van 35 jaar dieselfde soort bekering as St. Paulus beleef. Hy het van sy perd afgeval en hardop na God uitgeroep, "Here, wat kan ek vir U doen?" Waarop sy innerlike stem geantwoord het, "Draai weg van die boosheid, doen die goeie, soek die vrede en strewe daarna." Die Norbertyne het ‘n ryk geskiedenis in ons bisdom en hulle werk nog steeds ter wille van die Evangelie.

St. Filip Neri was bekend vir sy baie goddelike gesegdes. Een daarvan was: “Niks help ‘n mens meer as gebed nie”. Die Kongregasie van die Oratorium in Oudtshoorn bly in gebed vir ons almal.

Oor die lippe van Sint Leonie Aviat, het die volgende Evangelies geïnspireerde woorde op die ouderdom van 27 gekom: “Van myself vergeet ek heeltemaal.” Vandag dien haar dogters, die Oblate Susters van St. Frans van Sales, ons Bisdom in Ceres en Mosselbaai.

Die Genootskap van die Katolieke Apostolaat, oftewel die Pallottini Vaders en Broeders gee aan ons Bisdom die gawe van St. Vincent Pallotti wie se moeder daarvan getuie was hoe hy op die ouderdom van 4, voor ‘n beeld van die Geseënde Maagd Maria gekniel het en gebid het: “Liewe Moeder, maak van my ‘n goeie seun!”

St. Clara, wie se dogters in die Arme Klarisse Nonne van Ewigdurende Aanbidding Klooster in Swellendam woon, het gehoor hoe die heilige Franciskus op die ouderdom van 18 gepreek het en het hom gevra om haar te wys hoe om die Evangelie uit te leef.

St. Luigi Scrosoppi, wat op twaalfjarige ouderdom homself voorgeneem het om priester te word, het die Kongregasie van die Susters van Voorsienigheid gestig, en met die Evangeliewoorde op sy lippe gesterf: “Liefdesdiens! Liefdesdiens! Dit is die gees van julle religieuse familie: om siele te red en hulle met Liefdesdiens te red" Mag God altyd ons geliefde Susters van Voorsienigheid in Oudtshoorn met die chrisma van Liefdesdiens seën.

Mattheus 23:39 is my Evangelievers: Jesus sê: “Want Ek sê vir julle, van nou af sal julle My beslis nie weer sien nie, totdat julle sal sê, ‘Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!’ Luister na hierdie woorde in die Heilige Mis en vra Jesus Christus om dit betekenis vir u te laat kry.

Graag vra ek u om u Evangeliewoorde met u familie, vriende en u broers en susters in Christus te deel. Maak die Heilige Woord wat Christus in u hart geplant het aan die hele wêreld bekend. Kom ons verbind onsself dus deur te sê: “Kom ons neem die Evangelie, saam met ons jongmense, na alle mense toe.”

Verlede jaar het ons Sending Sondag Kollekte R20 339,55 ingebring. Nogmaals baie dankie aan u almal vir u vrygewigheid. Hoe sou ons die Evangelie aan alle mense kon verkondig sonder u mededeelsaamheid? Laat ons aanhou om die Evangelie waarheid uit te leef: Verniet het ons dit ontvang en verniet deel ons dit uit. Mag u geseënd wees.

Ons vertrou op God,

Eerw. Vr. John Atkinson
Bisdomlike Administrateur